



NEDERDUIITSE GEREFORMEERDE KERK

DUTCH REFORMED CHURCH

30 Julie 2020

AAN: PREDIKANTE

VAN: ALGEMENE SEKRETARIS

AANSOEK OM AANWYSING AS GODSDIENSTIGE DENOMINASIE TEN EINDE SELFDEGESLAGVERBINTENISSE TE BEVESTIG

In 'n skrywe van die Departement Binnelandse Sake is kennis gegee dat die NG Kerk se aansoek, om selfdegeslagverbintenisse te voltrek, gunstig ontvang is.

Die skrywe lui as volg:

Die minister van Binnelandse Sake het ingevolge artikel 5(2) van die *CIVIL UNION ACT, 2006* (Wet nr. 17 van 2006) besluit om predikante van die NG Kerk, wat sou aansoek doen en aan die bepaalde vereistes voldoen, magtiging te gee om selfdegeslagverbintenisse te voltrek binne die Republiek van S.A.

Die magtiging is van krag vanaf 22 Junie 2020 en is onderworpe aan die bepalings van artikel 5 van bogenoemde Wet 2006.

'n Gelegitimeerde predikant, wat die opsie wil uitoefen om selfdegeslagverbintenisse te bevestig, moet die volgende inligting verstrek:

1. Volle name en van
2. Afskrif van identiteitsdokument
3. Fisiese adres en kontaknommer van die aangewese huweliksbeampte
4. Die naaste kantoor van die Departement van Binnelandse Sake waar die huweliksbeampte die voorgeskrewe toets sal aflê.

Dieselfde aansoek prosedure sal in die toekoms gevolg word en deur die kantoor van die Algemene Sekretaris hanteer word.

2/...

13528
HATFIELD, 0028
Pretoria, South Africa

+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380

<http://ngkerk.net/>

info@ngkerk.org.za


PBO nr: 930006591



Die aansoek sal gefinaliseer word sodra die nodige inligting ontvang is. Inligting oor die inhoud, ens. wat benodig word vir die aflê van die voorgeskrewe toets sal aan elkeen wat aansoek doen deurgegee word.

Aangeheg is 'n vorm waarop die nodige inligting ingevul kan word, indien jy die opsie sou wou uitoefen, dit moet so gou moontlik aan Sophia by sophiadk@ngkerk.org.za besorg word. Die teikendatum vir die aanstuur van inligting is **19 Augustus 2020**

Vriendelike groete

A handwritten signature in blue ink, appearing to read 'Gustav Claassen', with a horizontal line extending to the right.

GUSTAV CLAASSEN



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

DUTCH REFORMED CHURCH

30 Julie 2020

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

(Voltooi asseblief in DRUKSKRIF)

VAN: _____

VOLLE NAME: _____

ID NOMMER: _____

FISIESE PERSOONLIKE ADRES:

(nie kerkkantoor nie)

_____ **Poskode** _____

POSADRES:

_____ **Poskode** _____

E-POSADRES:

PERSOONLIKE TELEFOONNOMMER:

(nie kerkkantoor nie)

GEMEENTE WAARAAN JY TANS GEKOPPEL IS:

NAASTE KANTOOR VAN BINNELANDSE SAKE

(m.a.w. kantoor waar jy dokumentasie gaan indien)

Heg kopie van ID aan en stuur aan: sophiadk@ngkerk.org.za

13528
HATFIELD, 0028
Pretoria, South Africa

+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380

<http://ngkerk.net/>

info@ngkerk.org.za

PBO nr: 930006591

